


MATIE- *land*



JAARGANG 8

NOMMER 1

APRIL 1964

UNIVERSITEIT
VAN
STELLENBOSCH



verkry u aandeel
in die welvaart
van Suid-Afrika

Suid-Afrikaners op alle terreine van die samelewing gebruik in al hoe groter mate hul spaar- en beleggingsfondse om 'n aandeel in die geweldige industriële ontwikkeling van ons land te verkry. Op hierdie gebied speel die Federale Groep 'n belangrike rol. Skryf om volledige besonderhede van die omvangryke beleggingsdienste wat Federale Volksbeleggings Beperk vir u kan aanbied.


Die Federale Groep

Posbus 3079, Kaapstad

Posbus 333, Bloemfontein

Posbus 2911, Johannesburg

V&R 3946-a



Cude Meester

Liqueurbrandewyn

EERSTE PRYS EN GOUE MEDALJE, LONDEN
HALFEEUSE RYKSWYNTENTONSTELLING

VOORSKOTTE LENINGSKREDIET PERSOONLIKE LENINGS

VIR AL U KORTTERMYN BEHOEFTE:

BEDRAG:	Geen beperking
RENTEKOERS:	Kompeterend
TERUGBETALING:	Op aanvraag of maandeliks tot 4 jaar
METODE:	Kontant, tjek of per aftrekorder
SEKURITEIT:	Vaste eiendom, polisse, bemerkbare aandele en effekte, erflatings of ander gewaarborgde toevallings en borge.

**KONSOLIDEER U SAKE ONDER
EEN DAK**

Verbande • Beleggings • Inkomstebelasting-advies • Administrasie van kliënte se sake • Beplanning van persoonlike sake • Veilings en Vendusies • Veilige bewaring van dokumente • Sekretariële dienste • Koop en verkoop van eiendomme • Versekering — brand, storm, ongevalle, inbraak, diefstal, seeversekering, ens.

Sedert 1918 onderneem Santam hierdie dienste—

s a n t a m

*Suid-Afrikaanse Nasionale Trust-
en Assuransiemaatskappy Beperk*

Geregistreeerde Depositionemende Instelling.



Wolnit-baadjies slaag met lof!

Volpunte vir deftigheid, snit, gemak en duursaamheid gaan na hierdie 3-knoop-sportbaadjie van weergalose Wolnit „Weavenit” in 100% suiwer wol. Verkrygbaar in 'n ruim verskeidenheid aantreklike driekleur-samestellings om onderskeiding aan u persoonlikheid te verleen. *Onthou, dit betaal dubbeld en dwars om 'n ietsie ekstra vir 'n goeie artikel te betaal.*

Wolnit

ANDER „CUM LAUDE'S" DEUR WOLNIT:
 MANSTRUIE • ONDERBAADJIES • SOKKIES
 ONTSPANBAADJIES
 DAMESTRUIE • ROMPE • KOSTUUMS • BREIWOL
ORAL BY GOEIE UITRUSTERS



Dis mos vir jou lewe hoor...



...en dis vir jou bier!

So verkwikkend So bevredigend So opbeurend

Vra om koue

CASTLE

Suid-Afrika se voorkeur-bier



Grant 345/4200

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 8

NO. 1

APRIL 1964

Inhoudsopgawe

REDAKSIONEEL	
Die Student en Sy Kerk	7
Die Rektor terug op Kantoor	9
Oud-Redakteur behaal Doktorsgraad	9
Bevorder Goeie Gesindheid deur Penvrienskap	9
UNIVERSITEITSNUUS	
Dosente neem Afskeid	10
Nuwe Raadslede	11
Stellenbosch Verwelkom Sewe nuwe Professore	12
Die Departement van Kuns stal uit	14
Die Universiteit lewer Diens	15
Bydrae tot Internasionale Navorsing	17
Navorsingsinstituut van Wêreldformaat	17
Amptelike Opening van die Universiteit	18
Gradedag 1963	20
ARTIKELS	
Die Jongste Uitbreidings aan die Universiteit	22
Stellenbosch Verwelkom Sy Nuwelinge	24
The Bureau for Economic Research	28
SO ONTHOU EK MATIELAND	
Nog Steeds 'n Ryke Bron	31
HULLE BOU MATIELAND	
Studenteleiers 1964	33
SUKSESVOLLE EEUFEESEFONDSVELDTOG	35
NUUS VAN OUD-MATIEBOND TAKKE	37
VAN ALLES EN NOG WAT	
Oud-Matiekleurbaadjies in Pretoria Verkoop	38
Oud-Maties in die Nuus	40
Is dit 'n Rekord?	41
Oud-Matie Gholfklub stuur Pragtige Bydraes	41
Kerkgeskiedenis op Stellenbosch	41
ONS EER HUL NAGEDAGTENIS	43
VOORBLADFOTO	
Op pad na hulle eerste klas in Matieland	(Foto: Christo S. Botha)

Die Student en sy Kerk

DAAR word in die jongste tyd dikwels kommer uitgespreek oor die godsdienstige lewe van ons volk. Euwels soos kerkloosheid, gebroke huisgesinne, onsedelikheid, 'n gejaag na oppervlakkige plesier, relatiewe morele standarde, e.a. word daaraan gewyt dat die godsdiens sy houvas op baie van ons volksgenote verloor het en nie meer in dieselfde mate as vroeër die behoudende invloed en rigtinggewende krag in ons volkslewe is nie.

Die Universiteit van Stellenbosch het vanaf sy vroegste ontstaan byna 100 jaar gelede 'n godsdienstige karakter gedra. Dit kan o.a. toegeskryf word aan die feit dat kerkmanne soos ds. J. H. Neethling, prof. N. J. Hofmeyr en prof. J. Murray so 'n deurslaggewende rol by die stigting gespeel het, en vir baie jare daarna die karakter van die inrigting help bepaal het. Die eindparagraaf van die eerste jaarrapport is kenmerkend van die gees waarmee die stigters besiel was. Daarin spreek die bestuur sy dank uit, „voor al aan dien Vriend onzer kinderen, God, aan wien wij eene Inrichting wijden als ons Gymnasium”. „Laat ons dus opsien tot God om zijnen zegen” was hulle wagwoord gedurende die eerste moeilike jare; en die goeie vordering wat tot 1877 gemaak is, laat die bestuur dan ook getuig „dat onze Inrigting een van God gezegende is”. Die Kollegegebou wil die bestuur ook graag feestelik wy „aan het werk en aan God, dien wij met het werk waartoe 't bestemd is dienen”. Daardie godsdienstige karakter het gedurende die daaropvolgende jare bly voortleef en het onbetwisbaar bygedra tot die vorming van die tal van leiers wat Stellenbosch aan ons volk gelewer het.

Onwillekeurig ontstaan die vraag of Stellenbosch ook deur godsdienstige verval meegesleur is. Hoe gaan dit vandag met die godsdiens van ons studente? Soos meermale in die lewe gebeur, word die enkele gevalle van onverantwoordelike studente ook dikwels aan die groot klok gehang, en deur vyandige kritici uitgebuit om ongeregverdigde veralgemenings ten opsigte van die godsdienstige en sedelike lewe van die studente te maak. Die Universiteit kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir die godsdienstige lewe van sy studente nie. Dit beteken egter nie dat die Universiteit onverskillig staan teenoor die godsdienstige en morele lewe van sy studente nie. Dit beteken ook nie dat die Universiteit onverantwoordelikhede ignoreer of kondoneer nie. Intendeel, die Universiteit doen alles in sy vermoë om dit aan bande te lê, en waar gevalle van onverantwoordelike en buitensporige gedrag onder sy aandag kom, word daarteen opgetree. Sonder om sulke ongunstige simptome te ignoreer, kan egter met vrymoedigheid en dankbaarheid melding gemaak word van veelvuldige tekens wat dui op 'n kerngesonde godsdienstige lewe onder ons studente.

Die groot kerk van die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal, of Studentekerk, is die middelpunt van die geestelike lewe van die groot meerderheid van ons studente. Hierheen stroom hulle veral Sondagaande in hul duisendtalle om elk van die 2,000 sitplekke reeds 'n kwartier voordat die diens begin, vol te pak. Dis geen ongewone verskynsel dat tientalle voor die deure moet omdraai na ander kerke in die dorp nie.

Die studente is nie slegs passiewe kerkgangers nie. Danksy die gereelde oefening van onbekende psalms en gesange voor die diens, is die gemeentesang 'n ware inspirasie, en die koor van meer as 50 studente dra by tot die gewyde stemming tydens eredienste. Studente en dosente sit saam in die kerkraad: vanjaar dien 9 studente as diakens en 20 dosente en amptenare van die Universiteit as kerkraadslede. Gedurende die eerste

week van die akamediese jaar word elke aand spesiale dienste vir die studente gehou. Die bloktydbidure net voor die eindeksamens is seker 'n unieke verskynsel. Selfs in hierdie besige tyd van voorbereiding vir eksamens, is die groot kerk elke aand vir 'n week lank volgepak.

Onder verskeie godsdienstige verenigings neem die Christen-Studentevereniging 'n besondere plek in. Die Universiteit se C.S.V.-tak met sy 2,200 lede is die grootste tak in Suid-Afrika en waarskynlik ook die grootste in die wêreld. Hierdie vereniging skep en beheer die kanale vir die godsdienstige aktiwiteite van die studente. Elke Maandagaand kom die paar honderd kringleiers byeen vir die Normaalklas wat deur een van die drie leraars gelei word, en gedurende die week vergader sowat 350 kringe in koshuiskamers en private huise vir Bybelstudie en gebed. Die C.S.V.-fees is 'n jaarlikse instelling wat steeds in omvang en invloed toeneem; die Christen-Studenteklub bied elke Sondagaand, ná die diens, 'n sendingprogram aan in die Murraysaal; gedurende die kort vakansies reël die C.S.V. gereeld kampe in Bainskloof en die gesamentlike Matie-Ikey-kamp het ook reeds 'n jaarlikse instelling geword. Aan die begin van elke jaar vind die kringleierskamp in Bainskloof plaas, en kort daarna onthaal die C.S.V. al

die eerstejaarstudente in die Strand.

Sendingywer is 'n betroubare barometer van 'n individu of gemeenskap se godsdienstige lewe. Reeds jarelank offer honderde studente hul Sondagrus op om te voet, per fiets of per bus te gaan sendingwerk doen onder die nie-blanke bevolking van Stellenbosch en omgewing. Elke Julievakanasie organiseer die studente 'n werkerskamp op die Sentraalkerk se eie sendingstasie, Sipetu, in die Transkei. En nou het die sendingweek ook al tradisie geword. Die gedagte aan 'n sendingweek het by die studente self ontstaan en word deur hulle georganiseer. Vir 'n week lank elke jaar praat, sing, luister en dink die studente van Stellenbosch hoofsaaklik oor die sending. Die sendingboodskappe, filmvertonings, uitstallings en besprekings word gereeld deur honderde studente bygewoon.

Die bedrywighede hierbo genoem, en baie ander wat genoem kon word, is onmiskenbare bewyse dat daar onder die studente van die Universiteit van Stellenbosch nog 'n breë en diep stroom vloei van toegewyde christenskap wat, soos in die jare wat verby is, ook in die toekoms 'n deurslaggewende faktor sal bly in die opvoeding en vorming van die jong manne en vroue wat hiervandaan sal uitgaan om diens te lewer aan Kerk, Volk en Vaderland.

Studente verlaat die kerk na die oggenddiens.

(Foto: Christo S. Botha)



Bevorder goeie Gesindheid deur

Penvriendskap

Na aanleiding van 'n artikel in „South African Digest” oor „International Friendship Through Letters”, skryf mnr. Jan S. Marais, Besturende Direkteur van die Trust Bank van Afrika Beperk, en Trustee en lid van die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrika-Stigting: „Persoonlik dink ek dat as 'n mens 'n groot aantal, selfs 'n massa, goeie pro-Suid-Afrikaners kan kry om met persone in oorsese lande te korrespondeer, dit 'n uitstekende en bykomende hulpmiddel kan wees om die regte beeld van ons land te skep.”

Die artikel handel oor die werk van mnr. X. Piat, 'n Suid-Afrikaner van Franse afkoms wat ook oortuig is dat korrespondensie tussen gewone burgers van verskillende lande, een van die beste beskikbare middele is waardeur goeie gesindhede tussen die volkere van die wêreld bevorder kan word. Mnr. Piat was so geskok deur die ontsettende onkunde oor Suid-Afrika in die buiteland, dat hy in 1953 die „International Friendship with South Africa Club” gestig het. Sedertdien het hy 20,000 briewe uit alle dele van die wêreld ontvang en meer as 3,000 penvriendskappe tussen Suid-Afrikaners en vreemdelinge oor die hele wêreld tot stand gebring.

Mnr. Piat het op die oomblik 500 Suid-Afrikaners, verkieslik jong mense, dringend as korrespondente nodig. Indien u belang stel, skryf aan: International Friendship with South Africa Club, Posbus 3573, Kaapstad.

Oud-Redakteur Behaal Doktorsgraad

Dr. Bun Booyens, Redakteur van Matieland van Januarie 1960 tot Junie 1962, was een van die 30 persone aan wie doktorsgrade toegeken is tydens die gradeplegtighede in Desember 1963 en Maart 1964. In sy proefskrif, „Kerk en Staat, 1795-1843”, het hy die uitwendige organisasie van die N.G. Kerk en die ontwikkeling van die Kerk-Staat-verhouding tussen 1795 en 1843, ontleed. Die sentrale tema van die proefskrif is die plek en rol van die kommissarispolitiek in die geskiedenis van die N.G. Kerk. Dr. Booyens het ook die grade B.A. (1944) en M.A. in Geskiedenis (1946) aan die U.S. behaal.

Matieland en al sy lesers wens dr. Booyens en sy gesin van harte geluk en verseker hulle van ons beste wense vir die toekoms.



Terug op Kantoor

Matieland verwelkom ons Rektor, prof. H. B. Thom, terug op kantoor. Ons is innig dankbaar dat hy sodanig herstel het van sy onlangse siekte dat hy sy werksaamhede kon hervat. Dit is ons opregte bede dat prof. Thom nog baie jare gegun sal word om hierdie Universiteit in die besonder en ons land en volk in die algemeen te dien.



Dosente neem Afskeid

JOHANNES PETRUS VAN SCHALKWYK BRUWER het sy opleiding as onderwyser op Wellington ontvang. Daarna was hy vir 'n tydperk van sestien jaar in die sending-onderwys in Noord-Rhodesië werksaam, o.a. as hoof van 'n opleidingskollege te Madzimoya. In die sendingveld het prof. Bruwer uit die aard van sy werksaamhede in noue kontak met die Bantoebevolking gekom en 'n diepe belangstelling in die leefwyse en kultuur van hierdie mense ontwikkel. Deur private studie het hy in 1945 die B.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf, die M.A.-graad met onderskeiding in 1948 en die D.Phil. in Volkekunde aan die Universiteit Pretoria in 1954.

Sedert 1 Januarie 1951 was hy as senior lektor in Volkekunde verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch en in 1956 is hy bevorder tot professor.

Prof. Bruwer se besondere belangstelling in die moederregtelik geordende volke van Sentraal-Afrika en Suidwes, veral die Cewa, Kunda, Kuanyama e.a. word weerspieël in 'n hele reeks wetenskaplike artikels en boeke wat hy die lig laat sien het. Jarelange verblyf en navorsing onder hierdie volke het hom in staat gestel om ons kultuurantropologiese kennis van hierdie gebiede te verryk.

Prof. Bruwer het ook op verskillende belangrike rade en kommissies gedien. As Voorsitter van die Raad van die Universiteitskollege van Zoeloeland het hy hierdie inrigting van die grond af help opbou en as lid van die Odendaal-Kommissie oor die ontwikkeling van Suidwes-Afrika het hy 'n besonder belangrike bydrae gelewer. Sy aanstelling as Kommissaris-Generaal vir die Noordelike Suidwes-Afrika stel hom in die geleentheid om die grootse plan vir die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van Suidwes in die daad te help omskep.

Sy vriende en kollegas van die Universiteit van Stellenbosch wens hom met hierdie taak alle voorspoed en sukses toe.



PROF. W. E. FRAHN

PROFESSOR W. E. FRAHN, hoogleraar in Fisika sedert 1960, het met ingang 1 Januarie 1964, 'n betrekking aanvaar as professor in Teoretiese Fisika aan die Universiteit van Kaapstad.

In prof. Frahn verloor die Universiteit 'n briljante student en wetenskaplike en 'n navorsers by uitstek. In die kort tyd wat hy hier werksaam was, het hy die onderrig en navorsing op die gebied van die gevorderde, moderne Teoretiese Kernfisika op vaste grondslag geplaas. Hy het navorsing gedoen op die gebiede van die Teoretiese Kernfisika, Kwantumveldteorie en elementêre deeltjies, diffraksie van elektromagnetiese golwe, plasmafisika en elektromagnetiese isotoopeparasie. 'n Groot aantal uiters ingewikkelde wetenskaplike artikels van prof. Frahn en sy studente het in vooraanstaande oorsese tydskrifte verskyn.

Prof. Frahn laat diep spore by ons agter en die werk wat hy met groot ywer, intense belangstelling en nougesette toewyding gedoen het, sal met dankbaarheid en waardering onthou word.



Prof. J. C. de Wet



Mnr. S. Theron

Nuwe Raadslede

Prof. J. C. de Wet is deur die Munisipaliteit van Stellenbosch benoem as lid van die Universiteitsraad in die plek van mnr. D. J. Liebenberg. Mnr. S. Theron, Adjunk-S.G.O., is deur die Regering benoem as lid van die Universiteitsraad in die plek van ds. A. G. E. van Velden.

Op 27 November 1963 het die Rektor en mev. Thom 'n baie gesellige afskeid in Minerva aangebied ter ere van die dosente wat aan die einde van 1963 uit die diens van die Universiteit getree het. Ten gevolge van die ongesteldheid van die Rektor, het die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke en mev. Gericke as gasheer en gasvrou opgetree. Op die foto word mev. en prof. J. P. v. S. Bruwer deur ds. en mev. Gericke by die geselligheid welkom geheet. Die ander dosente van wie afskeid geneem is, is proff. A. C. Cilliers, D. L. Scholtz, G. J. R. Krige, W. E. Frahn en P. A. Theron, dr S. P. van Wyk, mnre. J. P. J. van Rensburg, J. J. Wannenburg, D. T. Visser, M. L. Truu en Mme N. R. Papé.

(Foto: Christo S. Botha)



Prof. M. A. Meyer



Prof. J. H. van der Merwe



Prof. I. J. van Biljon

Stellenbosch Verwelkom Sewe nuwe Professore

PROF. M. A. MEYER is met ingang 1 Januarie 1964 aangestel as hoogleraar in Eksperimentele Kernfisika. Prof. Meyer is 'n oud-student van die universiteite van Potchefstroom en Kaapstad en het sy doktorsgraad in 1951 aan die Tegniese Universiteit van Delft behaal.

Prof. Meyer was voorheen verbonde aan die W.N.N.R. en die Universiteit van Potchefstroom waar hy in 1963 tot hoogleraar in Fisika bevorder is. Hy het waardevolle navorsingswerk in verband met kosmiese strale en die ontwikkeling van detektore vir die waarneming van kerndeeltjies gedoen en wetenskaplike publikasies oor kern-instrumentasie, eksperimentele en teoretiese kernfisika die lig laat sien.

DR. J. H. VANDER MERWE is met ingang 1 Januarie 1964 aangestel as hoogleraar in Teoretiese Fisika. Dr. Van der Merwe is 'n oud-student van Stellenbosch en het sy doktorsgraad in 1952 aan die Universiteit van Leyden behaal. Hy was ook voorheen verbonde aan die W.N.N.R. en was sedert 1953 lektor (later senior lektor) in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Met behulp van verskeie studiebeurse wat aan hom toegeken is, het dr. Van der Merwe uitgebreide navorsingswerk oorsee gedoen. Gedurende 1958 het hy sy studie

Prof. J. H. Barnardt



Prof. M. E. Jooste



Prof. M. G. Loubser



Prof. J. M. Stevens



in Teoretiese Fisika aan die Universiteit van Manchester voortgesit. 'n Verskeidenheid boekresensies en wetenskaplike artikels van hoogstaande gehalte het reeds uit sy pen verskyn.

DR. I. J. VAN BILJON het die grade B.A., M.A., D.Phil en M.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. In 1963 het hy ook die Associateship of the Institute of Education (Londen) verwerf. Hy is reeds van 1947 aan die Departement van Sielkunde verbonde en is met ingang 1 Januarie 1964 bevorder tot hoogleraar in Bedryfsielkunde.

Gedurende 1962-63 het dr. Van Biljon met behulp van 'n Oppenheimer-beurs 'n uitgebreide oorsese studiereis onderneem en o.a. besoek gebring aan Sielkunde-navorsingsinstitute in Moskou, Leningrad en Kiev, asook in Skotland, en het verskeie Sielkunde-kongresse in die V.S.A. bygewoon. Hy is raadslid van die „De Novo-Staatsinrigting vir Alkoholiste”, „Elected graduate member of the British Psychological Society” en „Associate of the British Psychological Society”.

DR. J. H. BARNARDT is met ingang 1 Januarie 1964 bevorder tot hoogleraar in Biochemie. Hy was reeds vanaf 1934 as senior lektor in Biochemie aan die Universiteit verbonde. Dr. Barnardt het die grade B.Sc., M.Sc., (beide cum laude), die Sekondêre Onderwysersdiploma en die doktorsgraad in Chemie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Dr. Barnardt het in 1948 'n studiereis na die V.S.A. onderneem en gedurende 1963 het hy sommige van die belangrikste institute vir fisiologiese en biochemiese navorsing in Groot Brittanje en op die Vasteland besoek. In Suid-Afrikaanse en oorsese tydskrifte het verskeie wetenskaplike publikasies uit sy pen verskyn.

DR. M. E. JOOSTE is vanaf 1 Januarie 1964 bevorder tot professor in Huishoudkunde. Dr. Jooste is g'n onbekende op Stellenbosch nie. Sy is nie alleen 'n alumnus van die Universiteit nie, maar is reeds meer as dertig jaar verbonde aan die Departement van Huishoudkunde. Sedert 1935 is sy hoof van die Departement. In 1963 is sy bevorder tot Hoof Vakkundige Beampte in diens van die Departement van Landbou-Tegniese Dienste. Dr. Jooste het in 1939, 1945 tot 1951 en weer in 1959-60 in die V.S.A. gestudeer. In 1951 het sy die doktorsgraad in die Huishoudkunde aan die State College, Oregon, behaal. Die groot verskeidenheid populêre en wetenskaplike artikels wat uit haar pen verskyn het, getuig van haar kennis van en belangstelling in haar vak.

MNR. M. G. LOUBSER is met ingang 1 Januarie 1964 bevorder tot hoogleraar in Rekeningkunde en Hoof van die Buitemuurse Afdeling van die Fakulteit van Handel.

Mnr. Loubser het in 1945 die graad B.Comm. aan die U.S. behaal en in 1952 verwerf hy die C.A. (S.A.) Hy was indertyd die enigste rekenmeesterskandidaat in die Kaapprovinsie wat hierdie professionele eksamen met die eerste poging binne 'n tydperk van twee jaar suksesvol afgelê het. Sedert 1946 was hy o.m. verbonde aan SASKO-Bokomo, O.V.S., en die O'Kiep Kopermaatskappy, eers as Hoofrekenmeester en later as Sekretaris en Hoof van die Administratiewe Afdeling. In 1959 is mnr. Loubser aangestel as senior lektor in Rekeningkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

DR. J. M. STEVENS is met ingang 8 Februarie 1964 bevorder tot hoogleraar in die Erflikheidsleer.

Dr. Stevens is 'n seun van Victoria-Wes waar hy ook sy skoolopleiding ontvang het. Nadat hy die grade B.Sc. in Landbou en M.Sc. in Landbou (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, was hy etlike jare as vakkundige beampte verbonde aan die Departement van Landbou. In 1954 is hy aangestel as lektor en in 1958 bevorder tot senior lektor in Erflikheidsleer aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1956 is hy met 'n staatsbeurs vir verdere studie na die Universiteit van Birmingham waar hy in 1958 die graad Ph.D. behaal het.



Die Departement van Kuns stal uit

Prof. O. Schröder bespreek die papierontwerpwerk van eerstejaarstudente met 'n besoeker tydens die eerste uitstalling wat deur die Departement van Kuns gehou is. Die werksaamhede van die Departement het sodanig uitgebrei dat twee nuwe dosente moes aangestel word. Mnr. R. Streuber is aangestel as lektor (Tekstiel) en mej. A. Mertens behartig die fotografiese afdeling. 'n Uitstalling van die werk van die Kunsstudente sal jaarliks gehou word.

(Foto: Christo S. Botha)



lewer diens by wyse van Vakansiekursusse

Na 4, 5 of 6 jaar studie betree die universiteitsverlater die beroepslewe gewoonlik deeglik toegerus en op hoogte van die jongste ontwikkelings op sy vakgebied. Kennis brei egter vinnig uit; wat vandag as 'n opspraakwekkende nuwe ontwikkeling aangekondig word, is môre reeds verouderde kennis. Die publiek en die werkgewers in wie se diens die beroepsman staan, verwag nogtans dat hy tred sal hou met die jongste ontwikkelings op sy vakgebied. In lande soos die V.S.A. is dit byvoorbeeld ten opsigte van onderwysers algemeen gebruiklik dat sertifikate slegs in stand gehou kan word indien aan sekere vereistes ten opsigte van voortgesette studie voldoen word.

Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien aan die beroepsman, hetsy onderwyser of ingenieur, predikant of mediese praktisyn, die geleentheid gebied word om periodiek na die kennisbron terug te keer. Die aangewese metode is by wyse van kortkursusse en konferensies aan universiteite en kolleges wat uit die aard van die saak slegs gedurende vakansies moontlik is. In hierdie opsig lewer die Universiteit van Stellenbosch waardevolle diens. Selde gaan 'n vakansie verby waartydens nie een of meer kortkursusse georganiseer word nie. Gedurende die afgelope somervakansie is weer vyf kursusse en konferensies van uiteenlopende aard deur die Universiteit aangebied.

Liggaamlike Opvoeding in Diens van die Volk

Dit was die tema van die Saamtrek van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie wat van 9 tot 13 Desember op Stellenbosch gehou is. Al die lesings, demonstrasies en vertonings is in die geboue van die Departement van Liggaamlike Opvoeding en op die Coetzenburg-sportterrein gehou.

Sy Edele, dr. A. Hertzog, Minister van Gesondheid, Pos- en Telegraafwese, het die Saamtrek geopen met 'n rede oor „Die Belangrikheid van die Liggaamlike Gesondheid van ons Volk”. Daar is die laaste tyd dikwels kommer uitgespreek oor die gebrek aan fiksheid by ons jeug en die voorlesings en besprekings was daarop toegespits om middele en metodes te vind om hierdie ongewenste toestand te verbeter.

Die Saamtrek is bygewoon deur ongeveer 80 dosente, onderwysers, instrukteurs en inspekteurs van Liggaamlike Opvoeding, afkomstig uit al die provinsies van die Republiek.

Leiding t.o.v. Nuwe Hoërskoolleerplanne

Van 20 tot 24 Januare vanjaar het die Fakulteit van Opvoedkunde op versoek van die Departement van Onderwys en in samewerking met die departement van *Wiskunde* en *Aardrykskunde*, baie geslaagde kortkursusse in dié twee vakke aangebied. In beide gevalle tree nuwe hoërskoolleerplanne in 1964/65 in werking en die hoofdoel van die kursusse was om die onderwysers leiding te gee t.o.v. hierdie leerplanne, en om hulle in te lig oor die jongste metodes wat in die onderwys van die vakke aangewend word.

Die bywoning van die kursusse het alle verwagtings oortref. Onder die nagenoeg 200 kursusgangers (*Wiskunde* 115; *Aardrykskunde* 75), was verskeie Inspekteurs van Skole. Dosente van die departemente van *Wiskunde*, *Toegepaste Wiskunde* en *Aardrykskunde*, die *Militêre Akademie*, die *Fakulteit van Opvoedkunde* en verskeie ervare onderwysers het as referente opgetree. Daar was ook demonstrasies, filmvertonings en boekuitstallings waarvan die onderwysers gretig gebruik gemaak het.

lewer diens by wyse van Vakansiekursusse

Na 4, 5 of 6 jaar studie betree die universiteitsverlater die beroepslewe gewoonlik deeglik toegerus en op hoogte van die jongste ontwikkelings op sy vakgebied. Kennis brei egter vinnig uit; wat vandag as 'n opspraakwekkende nuwe ontwikkeling aangekondig word, is môre reeds verouderde kennis. Die publiek en die werkgewers in wie se diens die beroepsman staan, verwag nogtans dat hy tred sal hou met die jongste ontwikkelings op sy vakgebied. In lande soos die V.S.A. is dit byvoorbeeld ten opsigte van onderwysers algemeen gebruiklik dat sertifikate slegs in stand gehou kan word indien aan sekere vereistes ten opsigte van voortgesette studie voldoen word.

Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien aan die beroepsman, hetsy onderwyser of ingenieur, predikant of mediese praktisyn, die geleentheid gebied word om periodiek na die kennisbron terug te keer. Die aangewese metode is by wyse van kortkursusse en konferensies aan universiteite en kolleges wat uit die aard van die saak slegs gedurende vakansies moontlik is. In hierdie opsig lewer die Universiteit van Stellenbosch waardevolle diens. Selde gaan 'n vakansie verby waartydens nie een of meer kortkursusse georganiseer word nie. Gedurende die afgelope somervakansie is weer vyf kursusse en konferensies van uiteenlopende aard deur die Universiteit aangebied.

Liggaamlike Opvoeding in Diens van die Volk

Dit was die tema van die Saamtrek van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie wat van 9 tot 13 Desember op Stellenbosch gehou is. Al die lesings, demonstrasies en vertonings is in die geboue van die Departement van Liggaamlike Opvoeding en op die Coetzenburg-sportterrein gehou.

Sy Edele, dr. A. Hertzog, Minister van Gesondheid, Pos- en Telegraafwese, het die Saamtrek geopen met 'n rede oor „Die Belangrikheid van die Liggaamlike Gesondheid van ons Volk”. Daar is die laaste tyd dikwels kommer uitgespreek oor die gebrek aan fiksheid by ons jeug en die voorlesings en besprekings was daarop toegespits om middele en metodes te vind om hierdie ongewenste toestand te verbeter.

Die Saamtrek is bygewoon deur ongeveer 80 dosente, onderwysers, instrukteurs en inspekteurs van Liggaamlike Opvoeding, afkomstig uit al die provinsies van die Republiek.

Leiding f.o.v. Nuwe Hoërskoolleerplanne

Van 20 tot 24 Januare vanjaar het die Fakulteit van Opvoedkunde op versoek van die Departement van Onderwys en in samewerking met die departement van *Wiskunde* en *Aardrykskunde*, baie geslaagde kortkursusse in dié twee vakke aangebied. In beide gevalle tree nuwe hoërskoolleerplanne in 1964/65 in werking en die hoofdoel van die kursusse was om die onderwysers leiding te gee t.o.v. hierdie leerplanne, en om hulle in te lig oor die jongste metodes wat in die onderwys van die vakke aangewend word.

Die bywoning van die kursusse het alle verwagtings oortref. Onder die nagenoeg 200 kursusgangers (*Wiskunde* 115; *Aardrykskunde* 75), was verskeie Inspekteurs van Skole. Dosente van die departemente van *Wiskunde*, *Toegepaste Wiskunde* en *Aardrykskunde*, die *Militêre Akademie*, die *Fakulteit van Opvoedkunde* en verskeie ervare onderwysers het as referente opgetree. Daar was ook demonstrasies, filmvertonings en boekuitstallings waarvan die onderwysers gretig gebruik gemaak het.



Op die foto wat geneem is net na die opening van die Saamtrek, verskyn v.l.n.r.: Mnr. F. F. Fourie (Privaatsekretaris van die Minister), mev. Hertzog, prof. D. H. Craven (Voorsitter SAVLOR), dr. I. Nel (Visvoorsitster SAVLOR en organiseerster van die Kongres), Sy Edele dr. A. Hertzog, mnr. Barry de Villiers (Hoofbestuurslid SAVLOR).

In sy openingsrede het mnr. S. Theron, Adjunk-S.G.O., verklaar dat die Komitee van Onderwyshoofde nou ernstig aandag gee aan die ontwerp van 'n sistematiese, gekoördineerde stelsel van op-

knappingskursusse vir onderwysers. So 'n stelsel is slegs uitvoerbaar as daar noue samewerking bestaan tussen die Onderwyse departement en die Universiteite.

Kortkursus in die Gebruik van Radio-Aktiewe Materiaal

Die gebruikers en voornemende gebruikers van radioaktiewe stowwe het gedurende die afgelope jare sterk toegeneem. Daarom het die Raad op Atoomkrag, wie se taak dit is om die veilige hantering van sulke stowwe dwarsdeur die land te verseker, besluit om jaarliks 'n kursus te reël om die nodige kennis aangaande die nuwe tegnieke binne bereik van die gebruikers te bring. Dit was dan ook verlede jaar die derde keer sedert 1958 dat Stellenbosch so 'n kursus op versoek van die Raad op Atoomkrag aangebied het.

Die kursus het geduur van 2 tot 6 Desember 1963 en is deur 26 persone bygewoon. Onder hulle

was verteenwoordigers van die Afdeling Seevisserie, stadsrade, industrieë, staatsdepartemente, hospitale en universiteite.

Die kursusleier, prof. P. B. Zeeman, hoogleraar in Eksperimentele Fisika, is bygestaan deur dosente en tegnisi van sy Departement, dr. P. G. Marais, hoof van die Isotopeseksie van die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie, dr. P. L. M. le Roux, gesondheidsfisikus van die Karl Bremer-Hospitaal, dr. J. K. Basson van die R.A.K. en mnr. G. Poole van die Isotope Diens-eenheid van die R.A.K. in Wes-Kaapland.

Sielkundiges Beraadslaag

Gedurende die eerste week van die eerste skoolkwartaal het die derde, en uiters geslaagde kortkursus vir Skoolsielkundiges — Voorligters en Klinici — op Stellenbosch plaasgevind. Die onderwerp vanjaar was: Die Onderpresteerder op Skool — die oorsake, diagnostiese metodes en psigoterapeutiese tegnieke. Dosente van die twee departemente van Sielkunde en Opvoedkundige Sielkunde het die simposia gelei en die demon-

strasies waargeneem.

Met hierdie jaarlikse opfrissingskursus kry die Skoolsielkundiges die geleentheid om sielkundige probleme soos hulle dit in die praktyk aantref, met mekaar en met dosente in die vak te bespreek, en word sodoende altyd op hoogte van sake gehou wat betref die nuutste ontwikkeling in die vak.




Navorsingsinstituut van Wêreldformaat

Sy Edele mnr. P. M. K. le Roux, Minister van Landbou-Tegniese Dienste en Waterwese, het op Woensdag, 19 Februarie 1964, die opening van die nuwe hoofgebou van die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie op Stellenbosch waargeneem. In sy openingsrede het die Minister die belangrikheid van navorsing op die gebied van die Landbou beklemtoon, en hulde gebring aan wyle dr. M. S. du Toit, stigter en eerste Direkteur van die Instituut, prof. R. I. Nel, die huidige Direkteur en die navorsingspersoneel wat oor die jare bygedra het om hierdie Instituut een van die modernste en mees doeltreffende van sy soort in die wêreld te maak.

Stellenbosch lewer bydrae tot Internasionale Navorsing

Prof. P. B. Zeeman en mnr. F. M. Hamm, (Hoof-elektronikus) kyk hier na die luggloedlesings, geregistreer deur die luggloedmeter, 'n ingewikkelde instrument wat in die Departement van Fisika ontwerp en gebou is. Die instrument is na die Suidpoolbasis verskeep as deel van die toerusting van Trevor Robertson, M.Sc.-student in Fisika, wat as lid van die vyfde Antarktiese Ekspediese na Antarktika vertrek het.

Die luggloedprogram is 'n deel van die Republiek se bydrae tot die navorsing van die Internasionale Sonstiltejaar, en kontinue waarnemings sal op die Suidpoolbasis, Gougheiland en op Stellenbosch gemaak word. Die teleskopiese sisteem staan op die grond, die vier paneelkissies bevat die outomatiese beheersisteem, versterkers en spanningsbronne, en bo-op staan die registreerder.





Na die Amptelike Opening van die Universiteit op 26 Februarie 1964, het die Rektor 'n noenmaal aangebied ter ere van Sy Edele dr. N. Diederichs en mev. Diederichs. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, verskyn v.l.n.r.: Prof. H. B. Thom (Rektor), mev. Diederichs, Sy Edele dr. N. Diederichs, mev. H. B. Thom en ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier).

Amptelike Opening van die Universiteit

Die Taak van die Jeug

By geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit op 26 Februarie 1964 het Sy Edele dr. N. Diederichs, Minister van Ekonomiese Sake en Mynwese, die rede gevoer oor *Die Suid-Afrikaanse Student en die Wêreld waarin ons Woon*. Daarin het hy die taak geskets wat op ons jeug wag ten opsigte van ons internasionale verhoudinge, die verhoudinge tussen blank en nie-blank, blanke eenheid in Suid-Afrika en ons landseconomie. Aan die einde het die Minister die inhoud van sy toespraak soos volg kernagtig saamgevat:

„Daar wag vir die jeug vandag groot take, take wat hulle moet sien, nie as moeilikhede wat mag terneerdruk nie, maar as uitdagings wat ontmoet en oorwin moet word. Hulle taak is om binne die gemeenskap van die volke van die wêreld vir ons volk 'n eerbare plek te bewaar en te verstewig. Hulle taak is om 'n gelukkige en vreedsame naasbestaan tussen die verskillende rassegroepe van ons land te bestendig. Hulle taak is om die taalgroepe in ons vaderland tot 'n hegte, lewende, voortstuwende nasionale eenheid te laat saamgroeï. Hulle taak is om deur die stoflike opbou van ons land, middele te skep wat die voortbestaan van ons nasie sal verseker. Ja, hulle taak is bo al om, deur die vertrouwe in ons toekoms te bewaar en deur die talente wat die Skepper aan hulle gegee het, toe te sien dat daardie vertrouwe nooit verflou nie, maar steeds sterker en sterker werklikheid word.

Ek het geen die minste twyfel daaroor dat die studente van Suid-Afrika en by name die studente van die Universiteit van Stellenbosch daartoe in staat sal wees nie.”

Die Buitemuurse Afdeling voorsien in 'n Groot Behoeft

In sy verklaring tydens die Amptelike Opening het die Rektor, prof. H. B. Thom, interessante gegewens verstrekk oor die Buitemuurse Afdeling van die Handelsfakulteit te Bellville.


Ten gevolge van dringende vertoë van 'n aantal individue en liggame in die Noordelike Stadsgebiede, het die Universiteit in 1958 'n beskeie begin gemaak met die Buitemuurse Afdeling deur voorsiening te maak vir klasse vir die graad B.Comm. Die getal studente het vinnig toegeneem en dit het geblyk dat daar 'n groot behoefte bestaan aan sekere meer gevorderde en gespesialiseerde kursusse. Die inskrywings vir vanjaar is soos volg: B.Comm. 155, Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde 30, Meestersgraad in die Bestuurswese 20, B.A.-graad met Handelswetenskappe 20 — dus 'n totaal van 225.

Om aan die behoeftes van die Buitemuurse Afdeling na behore te voorsien, is 'n doelmatige, ruim gebou in Bellville opgerig. Dit het nagenoeg R225,000 gekos en word van vanjaar af ten volle in gebruik geneem. Die Universiteit het ook daartoe oorgegaan om 'n spesiale, permanente hoof, met professorale status, vir die Buitemuurse Afdeling aan te stel. Prof. M. G. Loubser, hoogleraar in die Rekeningkunde, is in die hoedanigheid benoem.

Die Rektor het die hartlike dank van die Universiteit uitgespreek teenoor die Stadsraad en die Burgemeester van Bellville, die Kaaplandse Departement van Onderwys en verskeie groot sakeondernemings in die Noordelike Stadsgebiede met wie se hulp die Universiteit in staat gestel is om aan vooruitstrewende jongmense die geleentheid te gee om hulleself beter te bekwaam vir hul taak in ons sakelewe.

Die Jeug is die Hoop van 'n Volk

By geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit het mnr. Abraham Lückhoff, voorsitter van die Studenteraad 'n beroep op die studente gedoen om hulle talente tot diens van die Universiteit en die volk te stel en hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die toekoms van ons volk te aanvaar. „Want die jeug van 'n volk was nog altyd die dinamiese krag wat met idealisme en entoesiasme, met daadkrag en geloof moes bou op die wysheid en die ryphed van die ouer geslag. Die jeug was nog altyd die hoop van 'n volk. Ons, die jeug van Suid-Afrika, is ook die hoop en verwagting van hierdie klein landjie in die jonkheid van sy bestaan”.



Gradedag 1963

„My liewe jong vriende ...”

So het die Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, op sy gebruiklike wyse die gegraduateerdes by geleentheid van die Desembergradedag-plegtigheid aangespreek en o.a. gesê:

„Vandag het julle die hawe bereik waarheen julle gevaar het, maar dis nog nie die end van die reis nie. Eersdaags moet julle julle lewensreis voortsit. Die mate waarin julle geleer het om te dink, te analiseer, te redeneer, selfs om te twyfel en te glo, is die mate waarin julle toegerus is vir die reis wat voorlê.”

„Die eenvoudige deugde van diens, lojaliteit, integriteit, moed en geloof sal uiteindelik julle optrede in die lewe bepaal. Die probleem van 'n tekort aan mannekrag is nie bloot kwantitatief nie, maar ook kwalitatief. En juis daarom verwelkom ek hierdie 1963 oes van gegraduateerdes – potensiele bestuurders, tegnoloë en leiers op elke gebied – wat ook 'n fondament van karakter en integriteit besit. Ons het mense nodig wat geleer het om te lewe, nie vreesbevang as gyselaars van die atoom-eeu, nie as mense wat vooruitgang en voo spoed verafgod, nie as slawe van wat die menslike vernuf bereik het nie. Ons het mense nodig wat geleer het om al hierdie dinge slegs as middele tot 'n hoër lewe te gebruik. Ons het vrye mense nodig, knegte slegs van die Allerhoogste.”

„Ek wil hê dat die behoeftes van ons tyd en van ons land julle uitdaag om julle beste te lewer. Die jeug van Suid-Afrika kan Suid-Afrika se siel red en ons mooi land as 'n blywende erfenis behou, as dit hom erns is. Daarom is dit vandag my bede vir julle jong mense: krag om te strew, moed om vol te hou, en genade om te glo in julle God, jul volk en in julleself.”

Ere-Graduandi



Dr. A. J. van der Merwe *Mnr. M. D. Banghart*

Aan dr. A. J. van der Merwe, predikant van die Groote Kerk, Kaapstad, is 'n eredoktorsgraad in die Godgeleerdheid toegeken op grond van die waardevolle dienste wat hy oor baie jare reeds aan ons Kerk en die Afrikaner in die algemeen lewer. Dr. Van der Merwe word allerweë beskou as die grootste kerkleier in ons land in die afgelope 50 jaar. Hy het vir homself naam gemaak as kanselredenaar, as voorsitter van die Sinode en ander kerklike liggame, as skrywer van verskeie artikels oor kerklike en maatskaplike aangeleenthede, en as opvoeder.

Mnr. M. D. Banghart, aan wie 'n ere-D.Sc.-graad toegeken is, is 'n baie goeie vriend van Suid-Afrika en van die Universiteit van Stellenbosch. Sedert sy koms na Suid-Afrika in 1940 as bestuurder van die O'Kiep Kopermaatskappy, het mnr. Banghart 'n geweldige herlewing in die mynbou van ons land veroorsaak, veral ten opsigte van koper, vanadium en geranium. Hy is direkteur van verskeie mynmaatskappye in die Republiek, en hoewel hy tans nog hoofsaaklik in die V.S.A. woon, is hy en mev. Banghart van voorneme om hulle oor sowat drie jaar permanent in Suid-Afrika te vestig.

Sy Edele dr. H. F. Verwoerd en mev. Verwoerd het die gradeplegtigheid op 7 Maart 1964 bygewoon. Hulle seun, Wilhelm, het by dié geleentheid die doktorsgraad in die Natuurwetenskappe ontvang. Die foto is geneem tydens 'n noenmaal wat die Rektor en mev. H. B. Thom 'na die plegtigheid ter ere van die Premierspaar aangebied het.



Die Jongste Uitbreidings aan die Universiteit

Op die kaart van die sentrale gedeelte van die universiteitsterrein word die geboue en uitbreidings aan geboue, wat gedurende die afgelope twee jare voltooi en in gebruik geneem is, aangetoon, t.w.:

- | | |
|---|------------------------------------|
| 1 Geologiegebou | 5 Nuwe Wilgenhof |
| 2 Uitbreiding aan die Carnegie-Biblioteek (byna voltooi) | 6 Uitbreiding aan Harmonie |
| 3 Uitbreiding aan die gebou vir Natuurwetenskappe (Botanie) | 7 Nuwe Chemiegebou |
| 4 Uitbreiding aan die Ou Hoofgebou (byna voltooi) | 8 Irene dameskoshuis |
| | 9 Uitbreiding aan Huis de Villiers |

In dieselfde tydperk van twee jaar is die volgende nuwe geboue wat buite die grense van die kaart val, in gebruik geneem:


- | | |
|---|--|
| 1 Hokkie- en Krieketklubbuis | 3 P. O. Sauer-Gebou vir Bosbou op die ou gholfbaan |
| 2 Buitemuurse Gebou vir Handel te Bellville | 4 Gemeenskapskamer by Helderberg-manskoshuis |

'n Begin is reeds gemaak met die bou van die nuwe gebou vir Lettere en Wysbegeerte op die MacDonaldhuisterrein (gedeeltelik ingekleur). Saam met hierdie gebou verteenwoordig die uitbreidings van die afgelope twee jaar 'n kapitale uitgawe van meer as R2,000,000.

Studentetal

Die volgende syfers verstrek ook besonderhede oor die getal studente en die getal grade toegeken aan die Universiteit gedurende die afgelope twee jaar:

Jaar	Studentetal	Getal grade toegeken
1962	4988	890
1963	5444	984
1964	± 5650	



Nagraadse Kursus in Bestuurswese


Die tekort aan mannekrag wat die bestuursfunksies in die S.A. ekonomie kan waarneem, is in die afgelope tyd by herhaling beklemtoon. Na aanleiding hiervan het die Universiteit van Stellenbosch gevoel dat hy 'n bydrae kan lewer in die voorsiening van sodanige mannekrag deur spesiale kursusse in die Bestuurswese aan te bied.

Gedurende die afgelope twee jaar het lede van die Handelsfakulteit ondersoek ingestel na die soort kursusse wat in hierdie verband elders in die wêreld aan universiteite en institute gedoseer word, en etlike dosente was ook vir hierdie doel oorsee.

Die nagraadse kursusse in die Bestuurswese word vanaf die begin van die akademiese jaar 1964 in die nuwe gebou van die Buitemuurse Afdeling van die Handelsfakulteit te Bellville aangebied. Dit sal oor twee jaar strek, en sal lei tot die verkryging van die Meestersgraad in Bestuurswese.

In hooftrekke sal die kursus die studie van die volgende vakke insluit: Algemene Bestuur, Finansiële Bestuur, Kommersiële Bestuur, Produksiebestuur, Personeelbestuur en Menslike Verhoudings, Ekonomiese Vooruitskatting, Kosteberekening vir besluitvorming, Bestuurstatistiek en Bestuursekonomie. Benewens formele lesings, gevallestudies, spesiale opdragte, paneelbesprekings en besoeke aan ondernemings, sal bestuurders uit die sakelewe, en ook finansiële deskundiges, tot die opleiding bydra. Dit word beplan om deskundiges van oorsee uit te nooi om lesings te kom gee.

Daar sal ook gebruik gemaak word van 'n nuwe tegniek wat nog nie in Suid-Afrika toegepas is nie, nl. Besluitnaboetsingsessies, beter bekend as Bedryfspel. Hierdie nuwe opleidingstegniek kan beskou word as „Besigheid in laboratoriumvorm”, waardeur 'n hele paar jaar in die lewe van 'n groep maatskappye gedurende enkele ure nageboots word. Mnr. P. J. Wessels van die Departement van Bedryfsekonomie het verlede jaar reeds die Bedryfspel deeglik uitgetoets.





Verwelkom sy Nuwelinge

Die Eerste Week op Stellenbosch! Dis die volste, die dolste, die moeilikste en tog interessantste en leersaamste week in die lewe van elke student. So was dit altyd; so is dit vandag nog. Dis 'n week van kennismaking, oriëntering en aanpassing wat deurslaggewend in die nuweling se studentelewe is — dit bepaal in hoë mate sy toekomstige optrede en houding as student teenoor die Universiteit, teenoor sy koshuis, die studentegemeenskap, sy jaarmaats, sy dosente en sy akademiese werk. Dis 'n week van vervulling — verwesenliking en langgekoesterde ideale; soms ook van teleurstelling en ontugtering; van selfontdekking en bepaling van eie waarde — 'n week waarsonder elke student soveel armer en onryper die lewe sou ingaan. Die indrukke van die Eerste Week is blywend hoewel die student dikwels eers jare later daardie invloede en ondervindinge in die regte perspektief sien en na waarde skat.


Die Universiteit verwelkom elke jaar meer as 1,000 nuwelinge en is terdeë bewus daarvan dat baie van hulle nie net met hoë ideale nie, maar met 'n wye verskeidenheid van persoonlike probleme hierheen kom. Dis probleme wat spruit uit onsekerheid oor studierigtings en vakkeuse, probleme van aanpassing en gebrekkige studiemetodes, ontoereikende geldelike middele en nog baie ander. Die Universiteit besef dat hierdie probleme maklik aanleiding kan gee tot mislukking, wanhoop, frustrasie en verkwisting van geld en mannekrag op 'n tydstip wanneer ons land dit nie kan bekostig nie.

Omdat die Universiteit die belange van elke student op die hart dra en opreg begeer dat elkeen van hulle in die kortste moontlike tyd sy regte taak in die lewe sal vind en met geesdrif en welslae sy plek in die gemeenskap sal volstaan, het die Universiteit gedurende die afgelope jare 'n deeglik beplande voorligtingsdiens ontwikkel wat daarop bereken is om die nuwelinge te help om so gou as moontlik 'n gesonde aanpassing by die universiteitslewe te vind.

Die nuweling se eerste kennismaking met Matieland geskied deur middel van die U.S. Studentegids wat hulle sowat ses weke voordat hulle na Stellenbosch vertrek, ontvang. Hierdie blad, spesiaal vir die eerstejaarstudente opgestel en uitgegee deur die Studente-

Op grond van die resultate van die battery persoonlike toetse wat alle eerstejaars aflê en ander beskikbare gegewens, word eerstejaars van raad gedien ten opsigte van studierigtings en vakkeuse. Hier bespreek dr. N. J. du Preez van die Departement van Sielkunde, die toetsresultate met 'n eerstejaarstudent.

„Ontmoet jou kammie.” Mej. Ina Malherbe, Primaria van Minerva, stel 'n nuwe aankomeling aan haar kamermaat voor. Die ontmoeting tussen kamermaats is gewoonlik die begin van 'n lewenslange vriendskap.





Waatlemoen en druiwe onder die eikebome in die Laan langs Eersterivier! Dis genoeg rede vir 'n breë glimlag. Soos in die verlede, het die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal vanjaar weer die 1,200 eerstejaars by wyse van 'n baie gesellige vrugtefees welkom geheet op Stellenbosch en in die Gemeente.

(Foto: Christo S. Botha)

raad, bevat waardevolle inligting oor Stellenbosch en die Universiteit met al sy vertakkings en beryghede. Deur die Studentegids noukeurig te bestudeer, sal die nuweling die skok van verlorenheid en vreemdelingskap by sy aankoms op Stellenbosch grootliks verminder.

Al die eerstejaarstudente moet hulle 'n week voordat die klasse 'n aanvang neem, op Stellenbosch aanmeld. Hierdie Eerste Week word uitluitlik gewy aan voorligtingsdienste wat tot beskikking van alle eerstejaars is. Die voorligtingsdienste word behartig deur die Buro vir Studentevoorigting wat in 1958 tot stand gekom het, en ontstaan het uit 'n opregte begeerte om elke student wat raad soek ten opsigte van studierigtings, samestelling van kursusse, vakkeuse of persoonlike aanpassing, so spoedig moontlik op die regte spoor te bring.

Om doeltreffende voorligting moontlik te maak is dit noodsaaklik dat inligting oor elke student se werklike vermoëns, sy aanleg, belangstellings en algemene aanpassing ingewin word. Hierdie inligting word verkry uit skoolverslagkaarte, verslae van skoolhoofde en die resultate van 'n battery persoonlikheidsstoetse wat alle eerstejaars gedurende die Eerste Week moet aflê. Gedurende die jaar word verdere inligting verkry van koshuis-hoofde en studenteraadgewers, en die punte wat in alle klastoetse behaal word, word aangeteken. Al hierdie gegewens word gekoördineer op kumulatiewe rekordkaarte. Wanneer 'n student, nie net eerstejaars nie, by die Buro om raad en leiding aanklop, vorm hierdie gegewens die agtergrond

waarteen sy probleme bespreek word en hy van raad gedien word.

Dit moet egter beklemtoon word dat geen kursusse of vakke aan enige student voorgeskryf word nie. Al wat gedoen word is, om aan die student die nodige inligting in verband met sy probleme te gee en dit met hom te bespreek sodat hy groter helderheid daarvoor kan kry. Dit hang van die student self af watter gebruik hy daarvan maak.

Op sosiale gebied hou die Eerste Week vir die nuwelinge ook 'n hele avontuur in. In die kos-huise word hulle hartlik verwelkom deur inwonende hoofde, huiskomitees en studenteraad-gewers. Spesiale geleenthede word vir hulle geskep om kennis te maak met die Rektor, die Registrateur en ander amptenare van die Universiteit. Ont-hale soos dié aangebied deur die Rektor en die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal bied die nuwelinge aangename geleenthede om te ontspan en mekaar beter te leer ken. Hulle kry ook voorligting in die gebruik van die uitgebreide sportfasiliteite wat die Universiteit aanbied en daar word ernstig voorberei vir die tradisionele Eerstejaars-atletiekbyeenkoms. Ook die Eerstejaarskonserte en sangoefeninge dra by om die Eerste Week 'n ware Universiteitsweek te maak.

Wanneer die nuwelinge ten volle gebruik maak van die voorligtingsdienste wat die Universiteit gedurende die Eerste Week aanbied, kan hulle die akademiese jaar, en teweens hulle hele Universiteitsloopbaan, met selfvertroue tegemoetgaan.

GISTER het u ...
VANDAG en
MÔRE sal u



bydra tot die fenomenale ontwikkeling van Suid-Afrika se wetenskaplike en industriële vooruitgang. Bly in noue voeling met die aktiwiteite en gebeurtenisse van ons land se wetenskaplike en tegnologiese bydraes.

SCIENTIFIC SOUTH AFRICA

die hoogaangeskrewe maandblad vir Suid-Afrikaners wat daarop aandring om meer van nuwe tegnieke en bronne te weet — wat begerig is om te verneem watter buitelandse bedrywighede voordelige gevolge vir Suid-Afrika sal hê; en alhoewel hulle in één akademiese rigting spesialiseer, nogtans die juiste speël van ander soorte besighede eis.

SCIENTIFIC SOUTH AFRICA

Maak seker van u kopie van

Aan:

Die sirkulasiebestuurder, „Scientific South Africa“, Mainstraat 174, Johannesburg.

Stuur my asseblief „Scientific South Africa“ vir een Jaar. Ingesluit tjek/poswissel — bedrag R2.00.

NAAM:.....

ADRES:.....

GEKRUISTE tjeks en poswissels betaalbaar aan „SCIENTIFIC SOUTH AFRICA“.

The Bureau for Economic Research

1. *Introduction.* The need for research in general and for economic research in particular hardly requires to be stressed in the present age. Technical and economic progress depends mainly on finding new and better ways of applying human labour to scarce resources. From a broad and long-term point of view, investment in sound education, in thorough training and in well-directed research probably yields higher returns in the form of enhanced productivity and the satisfaction derived from creative work than investment in material goods or equipment.

Since the inception of the Faculty of Commerce of the University of Stellenbosch in 1924, it was felt that special efforts should be made to create opportunities for well-planned and purposeful research. The basic idea was not only to create a closer integration between „theory and practice” in the minds and the work of both staff and students, but also to make some contribution, especially by means of continuous economic diagnosis and forecasting, towards improving both business practice and public policy. It was visualised that in this way a distinct service could possibly be rendered to the business community and to the country in general.

Largely through the initiative of prof. C. G. W. Schumann, then Dean of the Faculty of Commerce, the Bureau for Economic Research was established in 1944. Its aims, as originally formulated, can be summarised as follows:

(a) To make a continuous study of economic conditions in the country with special attention devoted to

- (i) diagnosis and forecasting of economic trends;
- (ii) structural changes in the South African economy.

(b) To undertake specific research projects commissioned by Governmental or private bodies, and

(c) to assist members of the teaching staff in their research and enable post-graduate students to obtain a training in methods of economic and business research.

2. *Organisation and Administration.* The research programme and activities of the Bureau

are directed by a Research Committee consisting of senior Faculty staff members.

In order to plan and execute its research activities to the best advantage of industry and trade and of the country in general, the Bureau instituted an Advisory Committee some years ago, consisting of representatives of organised industry and trade and public bodies. The members of this Committee are the following:

Mr. D. V. Benade — Past Chairman Cape Chamber of Industries.

Dr. J. de Villiers Graaff — Economist.

Dr. J. C. du Plessis — Head, Department of Economic Research and Statistics, South African Reserve Bank.

Mnr. J. S. Marais — Managing Director, Trust Bank of Africa Limited.

Dr. M. D. Marais — Economic Advisor to a Group of Companies.

Prof. W. Pretorius — President of the Afrikaanse Handelsinstituut.

Mr. W. Rosseau — Past President, Association of Chambers of Commerce.

Dr. M. van den Berg — Head, Economic Department of the Office of the Economic Advisor to the Prime Minister.

3. *The Activities of the Bureau.* The Research activities of the Bureau fall into two categories.

- (i) Research of a general nature which is financed from the General Research Fund. The findings of such research work are made available to the general public.
- (ii) Research projects commissioned by private or public bodies. The findings of such research are given exclusively to the body who commissioned and financed the programme and it is for them to decide whether such findings are to be made available for general publication.

A short review of the Bureau's research programme over the past 12 months will give an indication of the type of research work undertaken:

(a) *Research of a general nature:*

The Quarterly Opinion Survey of Business Conditions and Prospects is probably the better known of the Bureau's regular publications. The

Survey is based on information collected from a large representative sample of firms by means of simple questionnaires relating to turnover, employment, inventories, etc. The co-operation of business in the country has been most encouraging and over 1,500 firms are already collaborating with the Bureau in this respect. The data refer not only to results in a given quarter, but also to expectations for the coming quarter. In this way a "concensus of expectations" can be co-ordinated and presented to all bodies, public and private, interested in the "state of business". All business firms willing to complete and return the quarterly questionnaires regularly receive the complete results of the Survey free of charge.

Apart from these quarterly surveys, the Bureau publishes an annual report on business conditions including a forecast for the following year. This usually appears during November. The necessary information, particularly for the forecast, is collected by means of special questionnaires to Industry and Trade, the Banking and Financial Sector, Government Authorities, Provincial Administrations, the larger Municipalities and Public Corporations. The main feature of this survey is a forecast of our national income and expenditure data (broken down into different components) for a year in advance, together with a discussion of the most likely developments in the country's balance of payments.

In the field of medium-term economic forecasting (1 to 5 years) the Bureau has recently received a grant from the National Council for Social Research to determine whether the methods applied in the above-mentioned annual forecast can be adapted to undertake economic forecasts for a period up to five years. Work on this project is currently in progress.

The Bureau's first publication on Long-term Economic Forecasting¹ has recently been issued. This was an exploratory study in the problems involved in undertaking a long-term economic forecast for the South African economy. Now that the "spadework" is finished, the next stage — that of attempting such a long-term forecast — is currently receiving attention. The Bureau hopes that the first results on this project will be published towards the end of 1964.

(b) *Commissioned Studies:*

During the past year the Bureau has completed two commissioned studies for private organisations whilst work is still in progress on three others.

During October 1962 the Bureau was commissioned by the South African Fishing Industry, as represented by its producers' Associations, to undertake an investigation into the Inshore Fishing Industry of South Africa. The terms of reference of the investigation covered *inter alia*: the Fish Conservation Policy of the Authorities; natural and economic factors influencing catch and the financial structure of the Industry itself. This report was completed during April 1963.

A private shipping company has recently approached the Bureau to undertake a long-term projection of the country's foreign trade pattern. Imports and exports had to be broken down into 13 different commodity groups for 17 countries of origin/destination and these categories had to be individually extrapolated for the next 15 years. An idea of the scope of this study is gained from the fact that more than 600 man-hours were needed merely to collect and arrange the basic data needed for the forecast. This stage of work was mainly done by post-graduate students.

Another study recently completed was a regional investigation into the economic structure of the South Western Districts, with special reference to the desirability of erecting a deep sea harbour at Mossel Bay. This project was commissioned by the South Western Districts Action Committee and the preliminary findings of our investigation are at present receiving the attention of the Authorities. A similar study into the economic structure of the Cape Peninsula is at present being undertaken for the Council for the Development of Natural Resources.

On behalf of the Bureau for Economic Research, Dr. C. Verburch, senior lecturer in Transport Economics at the University of Stellenbosch, is at present conducting a survey of economic problems involved in Urban Road Planning. This investigation is being financed by the South African Road Federation.

4. *Finance.* As has been indicated previously, the Bureau receives the greater part of its income from either voluntary donations from private organisations or from commissioned studies. In addition the University makes a most welcome contribution towards the salary of the Chief Research Officer and furthermore supply free office accommodation and other facilities.

In conclusion the Bureau wishes to express its gratitude to all those who have hitherto assisted us financially in our research programme. The scope of our future research activities will depend on their continued support.

G. J. HUPKES, Chief Research Officer.

¹ C. J. van Wyk: Long-term Economic Forecasting—Background and Methodology.

AS DIT 'N BOEK IS—ONS HET DIT

Die keur in die volgende afdelings:

Novelles en Romans
Kortverhale en Sketse
Essays
Kinderboeke en Jeugboeke
Drama en Poësie
Bloemesings
Letterkundige Kritiek
Taalsake

Woordeboeke
Godsdien
Lewenskuns
Maatskaplike Sake
Klere en Voorkoms
Gesondheid
Voedsel en Drank
Blomme

Boertery
Wetenskap en Stokperdjies
Musiek
Sport
Reisbeskrywings
Geskiedenis
Biografie
Naslaanwerke

NASIONALE BOEKHANDEL BETEKEN LEESWAARDE!

NASIONALE BOEKHANDEL

Wandelgang,
Groote Kerk,
Posbus 2063,
Kaapstad.

Escom-Sentrum,
Wolmaransstraat,
Posbus 9898,
Johannesburg.

Henrystraat 64 en
Maitlandstraat 53
Posbus 1058,
Bloemfontein.

h/v Princess- en
Cawoodstraat,
Posbus 95,
Port Elizabeth.

Voortrekkerweg 386,
Posbus 119,
Parow.

M·A·T·I·E spells



Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortrefflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

GM 599

Nog steeds 'n ryke bron

Dis 'n sonnige namiddag in Februarie 1917 en ek is op pad na die Victoria Kollege op Stellenbosch. Vanaf Wellington het ek nuuskierig by die treinvenster uitgeleun. Wat sou my studentelewe meebring? Ek het nie die minste idee nie.

Voor die Stellenboschstasie wag drie oop landaers en 'n kapkar geduldig op ons trein. Die kapkar is om die possakke te vervoer, die landaers sorg vir die passasiers. Op die perron kuier jong mans in kleurbaadjies en wit broeke verveeld rond, totdat 'n treinfluit in die verte skielike beroering in hul geledere bring. Wie weet wat vandag se nuweling sal oplewer — veral die vroulike geslag, want dié is bra dun gesaai.

As die trein tot stilstand stamp, word ou vriende uitbundig hartlik begroet as hulle op die reis reeds met 'n dametjie kennis gemaak het. En daar en dan word 'flick-skiete' gereël — iets wat my strengere moeder nogal geskok het. Volgens haar was dit onvanpas om alleen met 'n jongman uit te gaan, en dit in die donker!

Noudat ek na soveel jare terugkyk op my kollegedae, is dit die studente se groeps-

Deelnemers aan die toneelstuk „Joan Wouters” wat onder leiding van wyle mnr. Paul Roos (inlasfoto bo links) in die Konservatoriumsaal op die planke gebring is. Die skryfster van hierdie artikel sit heel regs in die voorste ry.



lewe wat die blywendste indruk op my gelaat het. O, ons het ook alleen met 'n kêrel gefliek, na konserte en kafees gegaan, ons het meermale Saterdaggaande twee-twee na 'n vergadering van die Debatsvereniging gegaan, maar vir die res was ons altyd in groepies en dit was juis so onvergeetlik gesellig. Ons mansvriende het selfs in groepe kom kuier. Hoewel baie van ons al op Kollege ons lewensmaats geken het, was dit destyds nie die gewoonte om jou dan deurentyd saam af te sonder nie — jy het deel van die studentegemeenskap gebly en nog in die groep beweeg.

Hou studente vandag nog piekniek? In ons dae was dit nou eintlik die groot vermaak. Pleks van 'n dans, het die koshuise as jaarfunksie 'n piekniek gereël en ons het deftige, gedrukte uitnodigingskaartjies ontvang. Dan het ons vroeg in die oggend in 'n singende groep na die Eersterivier op 'n plaas naby die dorp gestap, of na die waterval in Jonkershoek, en 'n perdewaentjie het kussings, komberse en die eetgoed vervoer.

Daar buite het ons gespeel, gesing, stories vertel en saam geniet. Vir sover ek weet, was daar toe nog g'n tweepersoonspieknieks nie! Ons was te gretig om elke oomblik van die gemeenskapslewe uit te buit. Het ons dan nie lange jare in kos- en dorpskole ingehok gesit nie?

Ai, waar is die kortvakansies waarin 'n klomp van ons meisiestudente, met 'n ouer dame as chaperone, in die spookhuis aan die Strand uitgekamp het! Die huis was dolleeg, ons het op die vloer ons komberse oopgegooi en daar geslaap en geëet. Maar wat wou? In die park het van ons mansvriende in tente gekampeer en ons was môre, middag en aand saam. Dit was wandel langs die strand, swem in die see en saans pretmaak om die kampvuur. Dit was nie my kêrel en jou kêrel nie, dit was sommer ons kêrels en ons was hul nooientjies — vir daardie vakansie.

Van daardie mans is vandag nog van my beste vriende en ons is orals en altyd by om mekaar te sien.

Op 'n dag het 'n stuk of sestien van ons die pragtige plan bedink om in 'n leë huis bo in Jonkershoek te gaan uitkamp. Ons sou 'n gelyke getal mans en meisies wees en 'n professor en sy vrou sou ons vergesel. Eben Dönges — vandag Minister van Finansies en Kanselier van die Universiteit — sou van die owerheid verlof gaan vra.

Hy is deur professor Moorrees te woord gestaan en die waardige ou professor het prontuit geweier om toestemming te verleen as ons *en* die mans van plan was om onder dieselfde dak te kam-

peer. Eben — regstudent en danig trots op sy vermoë om te argumenteer — het links en regs redes aangevoer waarom ons in alle welvoeglikheid wél so kon gaan kuier en afgesluit met:

„Maar professor, moet 'n mens dan sy moraliteit meet volgens die dikte van die mure wat hom van die verleiding skei?”

Dit het geen indruk hoegenaamd gemaak nie. Professor Moorrees het net opgestaan en uit die hoogte vir die studentjie toegevoeg:

„Jonge man, ik acht u niet kompetent om met mij te argumenteren . . .” — en die mans het in tente geslaap.

Saterdaggaande was in my dae Debatsvereniging. Dit was nie betaamlik geag om dan na opvoerings of fliek te gaan nie, die volgende dag was immers Sondag.


Hulle vertel my dat Debatsverenigings vandag maar swaar lewe. Nie tóe nie! Ons het man en muis na die vergaderings gegaan . . . met 'n kêrel, of in 'n groep meisies, maak nie saak hoe nie, daar was altyd iemand wat jy graag wou hoor redeneer. Ons het dan ook *sprekers* gehad! Kyk waar staan hulle vandag, mense soos E. Dönges, H. Verwoerd, P. Sauer, A. C. Cilliers, E. G. Malherbe, F. E. J. Malherbe, F. Meyer om net 'n paar te noem.

En natuurlik, as uitvloeisel van die Debatsverenigings was daar hul jaarlikse opvoerings. Heerlik! Ons het *Napoleon Bonaparte*, *Joan Wouters* en ander Nederlandse dramas laat dreun van die planke, met tokkelokke as geesdriftige voorspelers en almal het salig met die Nederlandse de- en het-woorde gemors, om nie te praat van die uitspraak nie.

Mnr. Paul Roos het nog *Napoleon Bonaparte* ingestudeer, gereeld met 'n styf opgerolde koerant in die hand, waarmee hy orde op die toneel gehandhaaf het, veral in die massatonele. Een aand het hy só opgewonde geword dat hy een van die spelers so byna katswink geslaan het deur hom onverhoeds agter die oor te tref.

Ou mense is byna altyd geneig om te glo dat húl jeugjare in elke opsig beter was as die van die moderne tyd. Ek stem nie saam nie. Myns insiens kan vandag se studente 'n honderdmaal breër en voller lewe as ons in die voor-twintiger jare lei, maar, en dis 'n baie groot maar, hulle verloor ontsaglik veel deur 'n gebrek aan studentegroepslewe. Dis immers dáár waar vriendskapsbande vir die lewe gesmee word as 'n mens nog jonk is, en wat is die lewe sonder vriende?

MARIE MALHERBE



HULLE BOU MATIELAND

Die Studenteraad. Voor v.l.n.r.: Mnr. John MacKinnon (Tes.), mej. H. McGregor, mnr. Kobus Hattingh (O/Voors.), mnr. Abraham Lückhoff (Voors.), mej. Ina Malherbe, mnr. Boy Geldenhuys (Skr.).

Agter v.l.n.r.: Mnre. Hendrik van Zyl, Willem Look, Robin Probart, Clifford Heys, Danie du Toit en Dawie Pretorius.

Studenteleiers 1964

Primarii(ae): Voor v.l.n.r.: Mariette Watermeyer (Harmonie), Hendrien Cilliers (Sonop), Laetitia Snyman (Irene), Adri Terblanche (Greylock), Ina Malherbe (Minerva), Cecile Malan (Monica), Mariana Brandt (Huis de Villiers).

Agter v.l.n.r.: Ernst Lombard (Dagbreek), Christo Alheit (Wilgenhof), Hendrik van Zyl (Simonsberg), Ena van Heerden (Lydia), Robin Probart (Huis Visser), Marietjie van Heerden (Huis ten Bosch), Clifford Heys (Huis Marais), Neels Dannhauser (P.S.O.), Danie Ribbens (Eendrag), Martin Pauw (Helderberg). Afwesig: Dalene Daneel (P.S.O.).





Doen gewone werk,
Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,
Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick
-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids



Suksesvolle Eufeefondseldtog op Pietermaritzburg

Die Eufeefondseldtog op Pietermaritzburg en omliggende dorpe is met 'n baie aangename dinee op 18 Oktober verlede jaar van stapel gestuur. Danksy die ywer van die voorsitter, Sy Edele, T. J. A. Gerdener, die vise-voorsitter, mnr. J. H. Stander, en die plaaslike komitee, is die goeie gesindheid en medewerking van die ouers en oud-Maties verkry, met die gevolg dat die resultaat van die veldtog bo verwagting goed was. Skenkings ten bedrae van 'n rapsie onder die R9,000 is binne 'n maand in die streek gemaak. Hierdie pragtige samewerking van ons oud-studente en ouers spreek van 'n mooi gees wat die Universiteit ten seerste waardeer.

Op die bygaande foto wat by geleentheid van die dinee op Pietermaritzburg geneem is, verskyn v.l.n.r.: Senator P. N. J. Groenewald, mev. T. J. A. Gerdener, mnr. F. J. Stiglingh, mev. Groenewald en prof. D. H. Craven. Sen. Groenewald was 'n lid van die plaaslike komitee en prof. Craven het as hoofspreker opgetree. Mnr. Stiglingh van die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit het die veldtog daar georganiseer.

Program vir 1964

Die insamelingsveldtogte in *Natal* en die *Oranje Vrystaat* is aan die begin van die jaar afgesluit. De volgende streke kom vanjaar aan die beurt:

Die Groot Karoo, insluitende die dorpe Beaufort-Wes, Britstown, Colesberg, Richmond, Murraysburg, Victoria-Wes, De Aar en Hanover.

Die Suidwestelike Distrikte: Die Langkloofgebied, Oudtshoorn, Calitzdorp, Ladismith, George, Knysna en Mosselbaai.

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK BEPERK

Stellenbosch en omgewing se eie

DISTRIKSBANK

Die enigste in die

REPUBLIEK

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te

KUILSRIVIER EN KRAAIFONTEIN

GENIET DIE BESTE!

Geniet Suid-Afrika se heerlikste Vrugte en Groente. Dit is vir u ingemaak deur...

KOO



Nuus van Oud-Matiebondtakke

Hierdie jong tak van die Oud-Matiebond wat ook die oud-Maties van Riebeeck-Kasteel, Riebeeck-Wes, Darling en Hermon insluit, het 'n baie suksesvolle jaar agter die rug. Benewens 'n gesellige vleisbraaiaand wat deur 50 lede bygewoon is, is die algemene vergadering op Vrydag, 13 September, gehou. By dié geleentheid het mnr. Phil Weber, Besturende Direkteur van Nasionale Koerante, hulle toegespreek oor verskeie aspekte van die koerantwese. Daar was heerlike koffie en toebroodjies en geleentheid vir ou maats om lekker te gesels.

Die Bestuur bestaan uit:

Voorsitter: Mnr. A. S. Meyer; *Onder-Voors.:* Mnr. P. W. de Bruyn.

Sekretaresse: Mev. T. van Niekerk; *Add. Lede:* Mej. A. Steyn en F. S. Robertson.

Malmesbury

Mnr. P. W. van der Walt, uitredende sekretaris van die Oud-Matiebondtak van Potchefstroom, berig soos volg: Die oud-Maties van Potchefstroom het op 26 Oktober weer hul jaarlikse dinee gehou en, omdat alle oud-Maties per slot van rekening ewe belangrik is, is eenvoudig alle oud-Maties eregaste gemaak. So het meer as honderd gaste aangesit en hulle het o.a. gekom van Parys, Carletonville, Viljoenskroon, Lichtenburg en ander omliggende dorpe. Tussen die spysie vir die wyse deur het sowat ses sprekers opgetree en elkeen het hom stiptelik gehou aan die paar minute wat hom gegun was om te praat. Nietemin is op hierdie manier die jare 1910 tot 1960 gedek, sodat oud en jonk opnuut weer na Matieland verlang het. Die ou bestuur het, streng ooreenkomstig die beginsel van een maan *geen* stem, so tussen die eet en praat deur die nuwe bestuur laat kies, met die gevolg dat daar volkome eenstemmigheid was oor die onderstaande nuwe bestuur:

Mnr. J. C. Malherbe, *Voorsitter*; mnr. W. M. C. du Plooy, *Sekretaris*;

Dr. J. F. O'Grady (1910-1920); mnr. C. W. B. Gertenbach (1920-1930);

Prof. J. A. van Eeden (1930-1940); dr. (maj.) C. M. Faul (1940-1950);

Mnr. F. J. van Zyl (1950-1960).

Potchefstroom

Die oud-Maties van Beaufort-Wes het op 26 September 1963 hulle tweede baie geslaagde funksie van die jaar gehou. Dit was 'n blink gedagte van die bestuur om die funksie te laat saamval met die opvoering van die blyspel „The Importance of Being Earnest” deur die Stellenbosse Teatergroep onder leiding van prof. Fred Engelen.

Na die opvoering het 85 persone, waaronder enkele oud-Ikeys, 'n Tukkie, 'n Witsie en 'n Kowsie, 'n ligte ete by die Hotel Oasis geniet. Dit was reeds 'n rukkie na middernag toe die kaas en beskuitjies bedien, en almal tevrede huiswaarts gekeer het.

By dié geleentheid is die nuwe bestuur van die Tak soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. F. V. Hanekom; *Onder-Voors.:* Mev. L. Jansen;

Sekretaris: Mnr. P. G. van Velden; *Tesourier:* Mnr. J. M. Grant;

Add. Lid: Mev. Lida Pienaar.

Beaufort-Wes

Op Vrydagaand, 26 Julie 1963, het ongeveer 70 oud-Maties en hul gades van oor die hele Transkei en Griekwaland-Oos in die Hotel Savoy op Umtata byeengekom. Die geleentheid was 'n dinee wat die Universiteit aan sy oud-studente in daardie kontrei aangebied het. Die „Matie-spirit” was onmiskenbaar teenwoordig. Telkens het die een of ander Intersityliedjie spontaan opgeklank en die sprekers moes ook maar geduldig wag totdat die laaste klanke van „Tant Koek se Hoenderhaan” weggesteef het alvorens hulle hul sê kon sê.

**Saamtrek
van
Oud-Maties
in die
Transkei**

Die heildronk op die Universiteit is ingestel deur Sy Edele mnr. J. H. Abraham, Kommissaris-Generaal van die Xhosa-volkseenheid, en mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling, het een en ander vertel van die Universiteit se uitbreidingsplanne en van die groot Eeufeesfondsinsameling. Aan die einde van die verrigtinge het mnr. Gerrit Visser, hoof van die Hoërskool Elliott, die aanwesiges se hartlike dank en waardering teenoor die Alma Mater uitgespreek. 'n Komitee is gekies om vanjaar weer so 'n saamtrek te organiseer. By dié geleentheid sal die stigting van 'n tak van die Oud-Matiebond vir die Transkei oorweeg word.

Oos-Rand Mnr. P. A. du Plessis (Sekretaris) berig dat die Oos-Randse tak se jaarlikse dinee in die Springs Buiteklub op 18 Oktober 1963 'n uiters geslaagde funksie was. Ey Edele adv. John Vorster en sy gade was die eregaste en hulle het die aand saam met die 60-tal oud-Maties terdeë geniet.

Die Tak het geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer 'n dame, nl. mev. Liesbet Gildenhuis, tot Voorsitter te kies. „Aangesien ons nou 'n Voorsitter het”, skryf mnr. Du Plessis, „gaan ons op 29 Februarie 1964 (Skrikkeltdag) 'n vrugtefees hou in die Heidelbergse Kloof, om ons jaar se werksaamhede mee te begin. Dit sal 'n egte Stellenbosse vrugtefees wees, want daar sal mos ook ingevoer word”.

Die bestuur vir 1964 bestaan uit:

Voorsitster: Mev. Liesbet Gildenhuis; *Onder-Voors.:* Dirk van Niekerk;

Sekretaris: Pierre du Plessis;

Add. Lede: J. P. Marais (Kempton Park), J. Steyn (Brakpan), C. C. Swarts (Benoni), Mev. Sarah du Toit (Heidelberg), E. le Roux (Nigel), mev. J. Wasserman (Germiston), George Honiball (Springs), Ben Schmidt (Alberton).

Oud-Matiekleurbaadjies in Pretoria verkoop

Dr. D. van Zyl, voorsitter van die Pretoriase Oud-Matiebondtak en prof. D. J. L. Visser van die Universiteit van Pretoria (regs), het onlangs die eerste oud-Matiekleurbaadjies in Pretoria gekoop. Links staan mnr. T. J. Hugo van Hugo Uitrusters, een van die firmas wat deur die Universiteitsraad as verspreiders van die oud-Matiekleurbaadjie in Pretoria aangestel is.



'GEE 'N MAN 'N LUCKY!



Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

Oud-Maties in die Nuus

PROF. J. A. G. MARÉ, hoof van die Departement van Bantoereg aan die Universiteit van Pretoria, is met ingang 1 Januarie 1964 aangestel as Rektor van die Bantoe Universiteitskollege op Ngoye in Zoeloeland.

MNR. PIET CALITZ (B.A. 1938, S.O.D. 1939), bekende rugbyskeidsregter en onderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad, is aangestel as organiseerder van opvoeding buite skoolverband in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

MEJ. M. I. A. MÜNCHMEYER (M.A. 1925) het aan die einde van 1963 afgetree as onderwyseres aan die Hoër Meisieskool, La Rochelle, Paarl, waar sy 35 jaar gelede haar loopbaan as onderwyseres begin het.

MEJ. L. C. SWART (B.Sc. 1930, S.O.D. 1931), sedert 1955 hoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch, het aan die einde van 1963 na 30 jaar diens in die onderwys afgetree. Sy het haar op Robertson gevestig. Mej. Swart is opgevolg deur mej. C. E. S. COETZEE, voorheen hoof van die Hoër Meisieskool Rocklands, Cradock.

DR. C. W. HOLZAPFEL (M.Sc. 1958) het in November 1963 diens aanvaar by die National Chemical Laboratories in Pretoria. Hy het die afgelope vyf jaar in Engeland gestudeer en sy doktorsgraad aan die Universiteit van Manchester behaal.

MNR. A. J. J. VISSER, bekende jong Suid-Afrikaanse digter en onderwyser aan die Hoërskool Tygerberg, is aangestel as lektor in Opvoedkunde aan die Universiteitskollege vir Indiërs, Durban.

DR. M. J. POSTHUMUS is vanaf 1 Oktober 1963 bevorder tot professor in Taalkunde in die Departement Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van Suid-Afrika, en is onlangs benoem as lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

MEJ. MARIE DANEEL (B.A. 1930, S.O.D. 1931) het op 11 Februarie na 'n besoek aan Suid-Afrika, na Australië vertrek waar sy sedert 1960 onderwys gee. Sy doseer Aardrykskunde aan die Abbotsleigh School, Sydney.

DR. H. VER LOREN VAN THEMAAT het op 27 Januarie vanjaar sy 90ste geboortedag herdenk en op 7 April het hy en sy eggenote hulle diamantbruilof gevier. Hy was vanaf 1920 dosent in Staatsreg, Volkereg en Algemene Regsleer aan die Universiteit en het nege jaar gelede afgetree. Namens al sy lesers wens Matieland dr. en mev. Ver Loren van Themaat van harte geluk. Mag hulle nog lank vir mekaar gespaar bly en goeie gesondheid geniet.

DR. J. B. DU TOIT is aangestel as professor in Sosiologie aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland. Hy het die grade B.A. (1945), M.A. (1947) en die Doktorsgraad in Sosiologie (1956) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Dr. Du Toit is in 1950 aangestel as lektor in Sosiologie aan die U.S. en in 1960, met die stigting van die Universiteitskollege Wes-Kaapland, is hy daar aangestel as senior lektor en hoof van die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk.


DR. J. E. LOUBSER (M.A. 1954) is aangestel as professor in Nederlands/Afrikaans aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland. Hy volg prof. F. V. Lategan op wat 'n betrekking aan die Universiteit van die O.V.S. aanvaar het.

MNR. D. J. VISSER (B.Sc. 1950, S.O.D. 1951), voorheen voorsitter van die Oud-Matiebondtak te Port-Elizabeth, is aangestel as hoof van die Hoërskool Barrydale.

DR. J. H. HOFMEYR (B.Sc., M.Sc. en D.Sc. in Landbou, 1929, 1931, 1934), professor in Agromonie en hoof van die Departement van Agromonie/Tuinbou aan die U.O.V.S., is onlangs tot lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies. Prof. Hofmeyr was voorheen as dosent verbonde aan die Landboufakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

Is dit 'n Rekord?


Mnr. R. P. Oelofse van Dordrecht het in 1926 die Graad B.A. (Regte) op Stellenbosch behaal. Soos so baie ander vaders en moeders, het hy onlangs sy dogter, Amanda, kom inskryf as eerstejaar. Amanda se koms na Matieland was eger iets besonder, want sy is die *sewende kind uit dieselfde familie* wat die Universiteit besoek. Die ander was: Lena (O.D.M.S. 1953); Dick (B.A. (Regte) 1956); Tjepie (O.D.M.S. 1958); Herina Smit (O.D.L.O. 1960); Arnold Smit (B.A. (Regte) 1963); Nicoleen Smit (B.A. 1963).



Kerkgeskiedenis op Stellenbosch

Op 6 September 1963 is die Rynse Kerk op die Braak tot 'n historiese monument verklaar. Dit is een van die oudste kerkgeboue in ons land; die oudste deel is in 1823 in gebruik geneem. Die preekstoel is reeds 'n geruime tyd 'n geproklameerde historiese monument.

(Foto: Christo S. Botha)




Van Woensdag, 30 Oktober, tot Sondag, 3 November 1963, is die honderdjarige bestaan van die Moederkerk in sy huidige vorm feestelik gevier. Ds. T. C. B. Stofberg, wat op 7 Maart 1964 as leraar van die Moederkerk afgetree het, het die feesdiens gelei na aanleiding van dieselfde teks wat prof. J. Hofmeyer by geleentheid van die inwyding van die kerkgebou op 31 Oktober 1863 gebruik het, nl. Exodus 4 : 5: „Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond”.

Oud-Matie Gholffklub stuur pragtige Bydraes

Die Oud-Matie Gholffklub aan die Rand bestaan nog maar 1½ jaar, en tog het hulle ons aan die einde van verlede jaar reeds verras met bydraes van R50 vir die Matielandfonds en R150 vir die Eeufeesfonds! Ons bedank hulle nie alleen vir die ruim bydraes nie, maar vir die voorbeeld wat hulle stel en die gesindheid wat hulle openbaar.

Mnr. F. J. Wessels, die Ere-Sekretaris, skryf dat hulle die fondse insamel deur onderling wedstryde te reël asook teen ander klubs. Een van hulle doelstellings is om oorskotfondse aan die Eeufees- en ander fondse van die Universiteit oor te maak. Mag die Klub se lede hulle gholfspel des te meer geniet omdat hulle daarin ook die Alma Mater dien.



Gegradueerdes het uitstekende vooruitsigte in 'n loopbaan by Die Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika
Beperk bied spesiale aanvangsalarisse en
aantreklike diensvoorwaardes aan
gegradueerdes. Om nadere besonderhede,
skryf aan:

**Die Personeel-afdeling, Die Standard Bank
van Suid-Afrika Beperk, 3e Verdieping,
A.B.C.-Chambers, h/v Fox- en
Simmondsstraat (Posbus 7758), Johannesburg.**

**DIE STANDARD BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

(Geregistreeerde Handelsbank)



Ons Eer hul Nagedagtenis



Dr. Zerilda Steyn

DR. ZERILDA STEYN is op 21 November 1963 skielik oorlede terwyl sy 'n vergadering van die bestuur van die Dryfhuus vir bejaardes, waarvan sy voorsitster was, toegespreek het. Haar man, dr. H. P. M. Steyn, is net sowat drie maande voor haar oorlede. As van haar man gesê kon word dat hy meer as enigiemand anders gedoen het om aan elkeen die Bybel beskikbaar te stei, dan is dit ook waar dat dr. Steyn haar meer as enigiemand anders beywer het om aan minderbevoorregtes huise te verskaf.

Dr. Steyn het haar hele lewe gewy aan die opheffing van die minderbevoorregtes. Gedurende die afgelope veertig jaar is deur haar ywer sowat 7,000 huise vir verskeie tehuise vir bejaardes gebou, met 'n totale waarde van om en by R10 miljoen. Sy was 34 jaar lank voorsitster van die Stedelike Behuisingsbond en jarelank hoofbestuurslid van die A.C.V.V. en lid van die Nasionale Behuisingskommissie. Woningbou-ondernemings soos die Goeie Hoop-modeldorp, Koeberg, Epping en Thornton, almal vir blankes, en Matroosfontein en Biskop Lavis vir Kleurlinge het deur haar onvermoeide ywer tot stand gekom.

Haar ander groot taak was die versorging van bejaardes. Sy was die dryfveer agter die oprigting van verskeie tehuise vir bejaardes soos Avondrust, Arcadia en Dryfhuus. Sy was van voorneme om self eendag in een van die tehuise te gaan inwoon.

Dr. Steyn is op Graaff-Reinet gebore, het aan die Hoërskool Bloemhof op Stellenbosch gematrikuleer en aan die Universiteit van Stellenbosch vir onderwyseres gestudeer. Aan beide dr. en mev. Steyn het die Universiteit van Stellenbosch ere-doktorsgrade toegeken, in 1954 en 1961 onderskeidelik. Dit is die eerste keer dat dié eer 'n egpaar te beurt geval het, 'n eer wat hulle toekom aangesien hulle lewens gekenmerk was deur onvermoeide, onbaatsugtige diens aan hulle medemens. Saam met al die duisende in wie se lewens hulle lig en vreugde gebring het, eer ons hulle nagedagtenis.



*Oud-Hoofregter
H. A. Fagan*

Met die skielike heengaan van OUD-HOOFREGTER H. A. FAGAN op 6 Desember 1963, het Suid-Afrika een van sy veelsydigste figure verloor. Gedurende sy vol en vrugbare lewe het adv. Fagan homself onderskei as advokaat, joernalis, hoogleraar in die Regte, digter, dramaturg, skrywer, regter, minister, politikus, uitvinder en skaakkampioen. Tog was hy 'n beskeie mens met 'n intense belangstelling in sy medemens.

Henry Allan Fagan is op Tulbagh gebore. Reeds op skool was hy 'n briljante leerling en terwyl hy aan die Victoria-Kollege in die Teologie gestudeer het, het hy die Kanseliersmedalje verower. Hy het egter van studierigting verander en die graad LL.B. in Engeland behaal. Na sy terugkeer in 1914 het hy 'n belangrike aandeel gehad in die totstandkoming van die Nasionale Pers Beperk as sekretaris van die komitee van oprigting, as een van die eerste direkteure en later as assistent-redakteur van „Die Burger” onder wyle dr. D. F. Malan.

Nog voordat hy mondig geword het, het adv. Fagan as lektor in Nederlands aan die Victoria-Kollege waargeneem, en in 1920 het die Universiteit van Stellenbosch hom op 31-jarige leeftyd aangestel as die eerste hoogleraar in die Regte. Voor die einde van die jaar het hy egter bedank ten einde hom as advokaat in Kaapstad te vestig.

Vanaf 1933 was adv. Fagan tien jaar lank Volksraadslid, eers vir Swellendam en later vir Stellenbosch, en twee jaar Minister van Naturellesake, Onderwys en Volkswelsyn. In 1943 het hy regter geword, is in 1950 bevorder tot Appèlregter en in 1957 het hy regter A. van der Sandt St. Livres as Hoofregter opgevolg. In 1956 het die Universiteit van Stellenbosch aan hom die eerste eredoctorsgraad in die Regte toegeken.

Adv. Fagan was getroud met mej. Queenie Theron, 'n suster van prof. Erika Theron. Saam met die familie en wye vriendekring, eer die lesers van Matieland sy nagedagtenis.

MNR. J. G. V. D. W. BARNARDT is op 20 Desember 1963 op Ladismith, K.P. oorlede.

Mnr. Barnardt het die grade B.Comm. en Hons. B.Comm. (albei cum laude) en die Sekondêre Onderwysersdiploma op Stellenbosch verwerf. Vanaf 1934 tot 1946 was hy handelsonderwyser op Jansenville, Kimberley en George, maar het hom daarna as boer in die distrik Ladismith, K.P. gestig.

As boer en sakeman het mnr. Barnardt gou groot opgang gemaak. Hy was lid van die direksies van al die koöperasies op Ladismith, lid van die Skool- en Hospitaalraad en etlike jare president van die Suidwestelike Distrikte Landbou-Unie. Ten tye van sy oorlyde was hy voorsitter van die Kaapse Landraad en lid van die Sentrale Landraad en het as sulks 'n leidende rol gespeel in die waardasie van eiendomme wat uitkoop moes word met die oog op die Oranjerivier-Skema. Daarbenewens was mnr. Barnardt die persoonlike verteenwoordiger van die Minister van Landbou-Tegniese Dienste op die Wynbou-Navorsingsinstituut.

Matieland betuig opregte meegevoel met sy moeder, sy weduwee en sy enigste broer, prof. J. H. Barnardt.

MNR. J. S. G. KAMFER is op 1 Februarie skielik op 67-jarige leeftyd op Stellenbosch oorlede. Hy was die afgelope agt jaar klerk in die administrasie van die Universiteit, en het aan die einde van 1963 afgetree.

Voordat mnr. Kamfer in diens van die Universiteit getree het, was hy bankbestuurder op Dalton (Natal), Brits (Transvaal) en in die Paarl waar hy in 1955 afgetree het.

Met die heengaan van MEJ. A. K. (Miss Katie) NEETHLING op 90-jarige leeftyd is 'n direkte skakel met die stigtingstydperk van die Universiteit van Stellenbosch verbreek. Sy was die laaste oorlewende dogter van ds. J. H. Neethling, een van die stigters van die Gymnasium waaruit die Universiteit ontwikkel het.



Mej. A. K. Neethling

Oor haar skryf prof. Mattie Jooste soos volg: 'n Merkwaardige persoon, vir iedereen 'n vriendin, raadgeefster, vertroueling, voorbidder — dit was miss Katie Neethling. Sy het veelvuldige belangstellings gehad, maar die Universiteit van Stellenbosch en by name die Departement van Huishoudkunde, kan met reg daarop aanspraak maak dat hulle onder haar eerste liefdes geval het.

In 1918 is miss Katie aangestel om Naaldwerk in die Fakulteit van Opvoedkunde te doseer. Toe Naaldwerk as vak in 1928 vir die Diplomakursus in Huishoudkunde, en 'n paar jaar later vir die B.Sc.-kursus in Huishoudkunde ingestel is, het die keuse om ook dié werk te doseer op miss Katie geval.

As dosent het besieling van haar uitgegaan. Met haar verfynde maniere, vriendelikheid, welwendheid, visie en sterk estetiese sin het sy die lewe van haar studente verryk en hulle geïnspireer om hulle plekke in die volkslewe vol te staan.

Nadat sy die tuig in 1939 neergelê het tot haar oorlyde op 90-jarige leeftyd, het sy steeds intensief belang gestel in die welvaart en uitbreiding van die Universiteit. Sy het haarself op hoogte gehou van nuwe rigtings, kursusse en geboue en het steeds planne bedink hoe om die nodige fondse bymekaar te kry om in die behoeftes van die Universiteit te voorsien. Vyf jaar nadat die gebou vir Huishoudkunde ingewy is, het sy gesê:

„Nou moet ons begin werk en geld bymekaar maak vir 'n derde verdieping.”

Gedurende die somervakansie van 1958 is hierdie ideaal verwesenlik. Miss Katie was die oud-Huishoudkundedosente wat R100 as 'n bydrae tot die Huishoudkundeboufonds gestuur het en nie haar naam vermeld wou hê nie (Matieland, Augustus 1962).

Haar baie oud-studente, die Universiteit en die gemeenskap van Stellenbosch dink met toegenenheid terug aan miss Katie en eer haar nagedagtenis.

Staal

VIR VOORUITGANG!

Staal is die fondament vir nywerheidsontwikkeling in elke vooruitstrewende land. Met 'n huidige produksiepeil van meer as 2,600,000 gietblokton per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se staalbenodigdhede.

Ten einde tred te hou met die steeds stygende vraag na staal, het YSKOR 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en beplan is om sy jaarlikse produksievermoë binne die volgende tien jaar tot naasteby 4,500,000 gietblokton te verhoog.


Daar bestaan geleentehede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria en ses mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegraduatees in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsgeriewe en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.



**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**
HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA





*Elke Sigaret
is Meesterstuk*